higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

(8021012)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Inheemse reg verwys na:

A Die nasionale parlement en provinsiale parlemente van Suid-Afrika.
B Die reëls wat deur die howe ontwikkel is wanneer besluite geneem word.
C Reëls en praktyke van 'n bepaalde inheemse gemeenskap.
D Die geskrifte van regskenners.

1.2 Watter een van die volgende stellings is nie korrek nie?

A Die hof bepaal die beskuldigde se skuld of onskuld.
B Die hof lewer uitspraak.
C Die hofkomponent hoor net die staat se saak aan.
D 'n Regter of magistraat sit voor in howe.

1.3 Die behoorlike funksioneering van Strafregsplegingstelsel berus op die volgende:

A Polisiebeamptes wat nie in staat is om 'n saak behoorlik te ondersoek nie.
B Aanklaers wat die hof bystaan om 'n uitspraak te maak.
C Veilige gevangenisse waarin veroordeeldes wat tot gevangeneskap veroordeel is, geakkommodeer word.
D Lê onbehoorlike vonnisse op vir mense wat aan 'n misdaad skuldig bevind is.

1.4 Besigtiging ter plaatse word uitgevoer wanneer:

A Kinders in die hof getuies is.
B 'n Kind die beskuldigde in 'n saak is.
C Die voorsittende beampte, op versoek van die staat of die verweer, die misdaadtoneel inspekteer.
D Die voorsittende beampte in beheer van die verrigtinge is.

1.5 Watter van die volgende is NIE 'n eenheid van SOGS ('SOCA') nie?

A Die afdeling vir seksuele oortredings.
B Die afdeling vir huishoudelike geweld.
C Die afdeling vir inheemse spesies.
D Die onderhoudafdeling.

1.6 Bemagtiging van slagoffers verwys na:

A Getuienis wat deur 'n deskundige gelewer word.
B Die kwaadwillige vervolging of teistering van misdaadslagoffers.
C Iemand wat vir onregverdige behandeling uitgesonder word.
D Die proses wat aan die gang gesit word waardeur slagoffers die trauma van misdaad oorkom.

Kopiereg voorbehou

1.7 'n Regstelsel wat deur alle mense gedeel en deur die natuur bepaal word, staan as ... bekend.

A die oppergesag van die reg
B natuurreg
C positiewe reg
D gemenereg

1.8 Halfweghuis verwys na:

A 'n Bemiddellingsmodel wat die proses waarvolgens oortreders geïdentifiseer word, bepaal.
B 'n Onvoltooide huis.
C Stel oortreders wat aan die nodige vereistes voldoen in staat om op parool vrygelaat te word.
D Verskaf aan oortreders die geleentheid om vir hul misdade verantwoording te doen.

1.9 Watter van die volgende is met betrekking tot 'n uitspraak NIE korrek nie?

A In 'n oop hof.
B So spoedig moontlik na 'n skuldigbevinding.
C In die beskuldigde se teenwoordigheid.
D Uitspraak word slegs in Engels gegee.

1.10 Uitkomste wat met herstelgeregtigheid geassosieer word sluit ... in.

A restitusie
B bystand van die oortreder
C strafmaatreëls
D oortreders se regte

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Regspraak	A	wet wat deur die parlement gemaak word
2.2	Oppergesag	B	inligting oor kriminele bedrywighede
2.3	Intelligensie	C	kinders onder die ouderdom van 18 jaar oud
2.4	Arbitrêr	D	maak deel van privaatreg uit
2.5	Aanhou	E	hoogste bevoegdheid of gesag
2.6	Prima facie	F	massamoord van die Jode deur die Duitsers
2.7	Volksmoord	G	deel van die gemenereg van ons land
2.8	Jeugdiges	H	om 'n oortreder in die gevangenis te hou
2.9	Wetsbepaling	I	sonder goeie rede
2.10	Burgerlike reg	J	op die oog af
		K	regbeginsels
		L	om 'n persoon in hegtenis te neem
		M	kinders onder die ouderdom van 14 jaar oud

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Engelse reg tot Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika is 'n voorbeeld van resepsie.

3.2 In 'n siviele saak is die eiser die persoon wat die saak verdedig.

3.3 Arbitrasie beteken om met mekaar te praat om 'n ooreenkoms te bereik.

3.4 Die voorverhoorfase verwys na die gebeure nadat 'n oortreding begaan is.

3.5 Die doel van kriminele ondersoek is om te bepaal of 'n misdaad wel gepleeg is.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Die ongeskrewe wette van Suid-Afrika.

4.2 Feite oor 'n misdaad.

4.3 Instruksies om sekere funksies uit te voer.

4.4 Die beginsel dat 'n verdagte onskuldig is totdat hy/sy skuldig bevind is.

4.5 Die persoon wat die klag lê.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

KERK BESTEE TYD OM LANGA SKOON TE MAAK



[Kaapstad - Vrywilligers van die World Mission Society Church of God maak gebiede in Langa skoon. Foto: Jeffrey Abrahams]

Wêrelderfenisdag is nie vermors nie toe 125 vrywilligers gister die strate, parke en riviere in Langa skoongemaak het. Die World Mission Society Church of God, 'n internasionale organisasie, saam met 'n wêreldwye liefdadigheidsorganisasie, Clean World Movement, het skoongemaak om bewustheid oor klimaatsverandering uit te lig.

Soos die vrywilligers Langa binnegevaar het, het mense in 12 ander lande aan soortgelyke aksies deelgeneem.

Die skoonmaak-aksie in Langa het state, parke en riviere ingesluit. Lid van die kerk en Rondebosch-inwoner, Alexander Rudniak, het gesê dat hy baie gelukkig was om daar te wees.

Rudniak het gesê: 'Dade tel meer as woorde'. Hy het verduidelik dat Sondae gebruik word om gemeenskapsdiens te doen, omdat die kerk op Saterdae dienste hou. 'Wanneer 'n mens regtig in iets glo, spreek dit uit jou optrede, en dit is belangrik om 'n voorbeeld te stel wat ander kan navolg.'

Langa-inwoner, Sakhie Dlala, 25, werk by Ikhaya le Langa (Huis van die Son), 'n NRO wat 'n kafee en rekenaarlaboratorium aan studente en die Langa-gemeenskap beskikbaar stel. Die organisasie span saam met die Stad om Langa skoner, groener en veiliger te maak. 'Ons het besluit om vir die Clean World Movement 'n bymekaarkomplek vir vandag se skoonmaak-aksie te verskaf omdat hulle ons visie deel.

'Die inisiatief is goed vir Langa, en dit vul die mense met hoop vir 'n gesonder omgewing', het Dlala gesê. Die Stad se bestuurshoof vir vaste afval, Xolisile Mama, het gesê dat hy baie tevrede was om die skoonmaak-aksie in Langa te ondersteun. 'Een dag is nie genoeg om Langa skoon te maak nie, maar ons sal beslis terugkom.'

'Wêrelderfenisdag is een van 365 dae en dit hang van die gemeenskap af om dit te onderhou wanneer ons vertrek,' het Mama gesê.

Kopiereg voorbehou

Vrywilligers, Bongani Dubo, 16, van Parklands, en Mandi Nongwe, 20, van Summer Greens, het saamgestem dat dit vir hulle 'n plesier was om met die inisiatief te help. 'Dit is 'n tyd om saam te staan en ons gemeenskap te help', sê Dubo.

Oor mense se kommentaar oor die inisiatief, het Dubo gesê: 'Ons het soveel dank ontvang en 'n groep mense het gesê dat ons moet aanhou om so saam te staan'.

[News / 5 Junie 2016 Andrea Chothia: https://www.iol.co.za/capetimes/news]

5.1 'Wêrelderfenisdag is nie vermors nie toe 125 vrywilligers gister die strate, parke en riviere in Langa skoongemaak het.'

Verduidelik wat met die term *vrywillige diens* bedoel word. (2)

5.2 Noem enige VIER beginsels van vrywillige dienslewering. (4)

5.3 'Die World Mission Society Church of God, 'n internasionale organisasie, saam met 'n wêreldwye liefdadigheidsorganisasie, Clean World Movement, het skoongemaak om bewustheid oor klimaatsverandering uit te lig.'

Noem enige DRIE ander praktiese voorbeelde van vrywillige dienslewering. (3)

5.4 Wat is sommige van die voordele van vrywillige dienslewering? (4)

5.5 'Langa-inwoner, Sakhie Dlala, 25, werk by Ikhaya le Langa (Huis van die Son), 'n NRO wat 'n kafee en rekenaarlaboratorium aan studente en die Langa-gemeenskap beskikbaar stel.'

Omskryf die afkorting *NRO* en gee TWEE voorbeelde van ander NRO's. (3 + 2) (5)

5.6 Noem enige TWEE maniere waarop vrywilligers met opvoedkundige programme kan help. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Onderskei tussen *beskuldigende* en *inkwisitoriese* prosedures. (8)

6.2 Noem enige VIER primêre doelwitte van ons Strafregsplegingstelsel. (4)

6.3 Noem enige DRIE rolspelers in Strafregsplegingstelsel. (3)

6.4 Gee die tipes statistiek wat in kriminele ontleding gebruik word. (4)

Kopiereg voorbehou

6.5 'Die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling is verantwoordelik vir die strukturering en funksionering van die howe.'

Skryf die hiërargie van die hoogste tot die laagste hof neer. (5)

6.6 Bespreek die verantwoordelikhede van die Meester van die Hooggeregshof kortliks. (4)

6.7 Noem enige TWEE hooffunksies van die munisipale polisiediens. (2)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.



INLIGTING: Verulam-kinderverkragtingsaak uitgestel

VERALUM, KwaZulu-Natal – Die saak teen 'n man wat daarvan beskuldig word dat hy sy 10-jarige stiefdogter verkrag het, is uitgestel.

Die 43-jarige het Maandag in die Landdroshof op Verulam verskyn om vir borgtog aansoek te doen.

Die saak is tot 2 Julie uitgestel.

[Bron: Dasen Thathiah (@DasenThathiah) 25 Junie 2018.

7.1 Verduidelik die volgende terme:

7.1.1 Borgtog (2)

7.1.2 Beskuldigde (1)

7.1.3 Verdagte (1)

7.2 Bespreek borgtog. Die voorwaardes vir vrylating en die faktore wat die besluit oor die toestaan van borgtog mag beïnvloed, moet duidelik uit jou bespreking blyk. (8)

7.3 Definieer die volgende begrippe:

7.3.1 Nasionale Register vir Seksoortreders (4)

7.3.2 Regshulp Suid-Afrika (4)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou